# JOB



# Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe .... 2
Het jy My dienaar Job gesien? .... 3
Vir swaakry gebore, maar nie verlore .... 5
Vergewe? .... 6
Kan iemand my straf wegneem? .... 7
As ‘n mens sterf, sal hy weer lewe? .... 9
Gee iemand vir my om? .... 11
Ek probeer verstaan .... 13
Luister na die fluister .... 15
Ek bid, maar God antwoord nie... .... 17
Wil jy ‘n saak teen die Almagtige maak? .... 19
Job oorsig .... 22

**Het jy My dienaar Job gesien?**

Job was vroom, ja, amper volmaak.
Hy was opreg besig met God se taak.
‘n Godvresende was hy
en het die kwaad vermy. (Job 1:1 1853 en 1983)

Hy was met sewe seuns en drie dogters geseën
en God het aan hom groot rykdom verleen.
Soms het sy kinders saam fees gevier
dan het Job hulle gereining deur die offer van ‘n dier. (Job 1:2-5)

Die hemelwesens het voor God vergaar.
Die Satan was ook daar.
“Waar kom jy vandaan?”
“Ek het deur die wêreld gegaan.” (Job 1:6)

“Het jy my dienaar Job raakgesien?
Hy is vroom en opreg terwyl hy My dien.”
“Raak aan die besittings wat hy so soek
en kyk of hy U nie in die gesig vervloek?” (Job 1:7-11)

“Kom ons toets dan jou klag:
Alles wat hy het, gee Ek in jou mag
Net aan homself mag jy nie raak!”
Die Satan is daar weg vir sy taak. (Job 7:12)

“Die osse was besig om ploegvore te kloof
toe het die mense van Skeba ons beroof.”
“Vuur uit die hemel het die kleinvee verteer...”
“Galdeërs het die kamele geroof, ons kon nie keer...”
“Die huis is omgeruk deur ‘n wind
en so sterf elkeen van u kind...” (Job 1:13-20)

Job het sy klere geskeur
as teken van sy treur.
In aanbidding het hy op die grond geval: (Job 1:20, 1983 en 1953)
“Prys die naam van die Here van die heelal:

Sonder iets het ek in die wêreld gekom.
Dit wat ek gehad het was alles van Hom.
Die Here het geneem, ek sal nie verwyt -
sonder iets gaan ek weer die wêreld uit.”(Job 1:21-22, 1983 en 1953)

Die hemelwesens het weer voor God vergaar.
Die Satan was ook weer daar.

“Waar kom jy vandaan?”
“Ek het deur die wêreld gegaan.” (Job 2:1-2)

“Het jy my dienaar Job raakgesien?
Hy is vroom en opreg terwyl hy My dien.
Sy gelyke sal jy nie kry: Hy het vroom gebly
al het jy hom so swaar laat kry.” (Job 2:3-4)

“Dit bewys nog niks. Raak aan sy liggaam
dan sal U U oor sy vervloeking skaam!”
Kom ons toets of wat jy sê is waar,
maar sy lewe moet jy spaar.” (Job2:5-6)

Satan het Job met pynlike swere getref van kop tot toon.
“Vervloek God en sterf”, het Job se vrou God verloon.
“Job: God het ons die goeie laat opgaar,
moet ons nie ook die slegte aanvaar?” (Job 2:7-10)

Gaan dit ook in jou lewe swaar?
Vra dat God jou sal bewaar
en dat Hy jou staande sal laat bly,
sodat Satan se planne jou nie onderkry.

**Vir swaakry gebore, maar nie verlore**

Job se vriende het hulle klere geskeur
en saam met Job in stilte getreur. (Job 2:12-13)
Wie sou ooit kon raai
dat Satan hul troos sou verdraai...

Job:
Ag, was die dag van my geboorte tog nie daar -
Dan was ek van hierdie smart gespaar. (Job 3:1-10)
Waarom was ek  nie maar ‘n dood gebore kind
wat in die graf vir my rus kon vind? (Job 3:11-19)

Elifas:
Jy het baie mense in swaarkry lig laat sien
Beteken dit vir jou niks: Jy het God gedien? (Job 4:1-6)
Het iemand ooit onskuldig ten gronde gegaan?  (Job 4:7-11)
Kan ‘n mens ooit onskuldig voor sy Maker staan? (Job 4:12-21)

Die mens is vir ellende en swaarkry gebore. (Job 5:1-7)
As ek jy was, sou ek my saak aan God voorlê -
Oor alles op die aarde het Hy die laaste sê. (Job 5:8-6)
Die wat hom deur God laat teregwys, gaan nie verlore. (Job 5:17-27)

En vir jou:
As jy, soos Job, jou geboortedag wil vervloek,
kan jy vir blydskap in ‘n ander geboorte soek.
Hy is ook vir swaakry en lyding gebore,
daarom, in jou swaakry, is jy nie verlore:
“Vandag is jou Verlosser gebore, jou Heer,
aan God in die hoogste hemel – alle eer!”(Luk 2:10-14)

**Vergewe?**

Job:
As die skaal my ellende ‘n gewig moes gee,
sou dit swaarder weeg as die sand van die see. (Job 6:1-3)
Help my om te verstaan, dan sal ek stilbly.
‘n Bestraffing van julle is nie wat ek wil kry. (Job 6:24-25)
Wie medelye met ‘n vriend as ‘n las beskou
is soos ‘n droë spruit, vir hom wat dors ontrou. (Job 6:14-15)

Die lewe is harde arbeid, my nagte so rof.
My liggaam is oortrek van wurms, rowe en stof. (Job 7:1-5)
Ek kan nie stilbly in my bepoewing en wonde:
Waarom vergewe U dan nie my sonde? (Job 7:11-21)

Bildad:
Hoe lank gaan jy nog so praat?
God verdraai nie sy regte daad.
Jou kinders se wonde
is straf op hul sonde…

Jy moet die Almagtige vra vir krag,
vra na die bevinding van jou voorgeslag. (Job 8:1-8)
So gaan dit met hulle wat God vergeet.
God verwerp nie die opregte, moet jy weet. (Job 8:13-22)

Vir jou:
As jou vriende se raad
jou moedeloos laat,
sal Paulus se raad
jou weer baat:

Deur Christus is jy kind van die Heer,
gee aan God die Vader alle eer!
Jy kan weet in die swaar van die lewe:
Jou sonde is reeds deur Hom vergewe! (Ef 1:3-9)

**Kan iemand my straf wegneem?**

Job:
Wie kan sy saak teen God kan wen?
Jy sal nie eers een vraag uit duisend ken!
Hy het die hemel soos ‘n tent gespan
Hy hou die golwe van die see in bedwang. (Job 9:1-13)

Hoe kan ek antwoord as Hy spreek?
Ek sal my Regter om genade smeek.
Al is ek onskuldig in die saak,
my woorde sal my skuldig maak. (Job 9:14-21)

God is nie ‘n mens dat ek die saak teen Hom kon opneem,
was daar maar iemand wat God se straf kon wegneem…
Maar soos sake nou staan,
gaan God se vernietiging aan… (Job 9:22-35)

O my God, moet my tog nie skuldig verklaar…
Vind U dit goed al kry ek so swaar?
Kyk U dan met die oë van ‘n mens
wat sien die goddelose kry hulle wens? (Job 10:1-7)

U hande het my gevorm, my gemaak.
U het my gevorm soos klei
Ja, soos botter het U my berei
Is vernietiging dan nou U taak? (Job 10:8-12)

As ek skuldig is wag ellende vir my,
onskuldig het ek ook nie vreugde gekry.
Ek staan voor U onbegryplike mag,
gee my rus voor die dood se donker nag. (Job 10:13-22)

Sofar:
Moet mense stilbly oor jou gepraat -
God straf jou vir die lasterdaad.
As God maar wou begin praat,
sal jy besef God straf nie al jou kwaad. (Job 11:1-6)

Kan jy die Almagtige ten volle verstaan?
Kan jy tot in die hemel en doderyk gaan?
God sien al die sonde raak,
Hy bring voor die gereg sy saak. (Job 11:7-12)

Jy moet jou hande in gebed na God uitsteek
en sonde verwydering van Hom afsmeek.
Donker swaakry sal dan vir jou lig wees,
maar die goddelose moet die dood vrees. (Job 11:13-20)

Vir jou:
Het jy soos Job ‘n Middelaarswens?
Jesus staan tussen God en mens!
Dit was die bedoeling van God daarmee:
Hy het Homself as losprys vir almal gegee. (I Tim 2:5-8)

Vir jou is daardie lewende hoop
deur Jesus se opstanding gekoop. (I Pet 1:3)
Staan in jou swaakry stewig:
God se beloftes is vir ewig! (I Pet 1:23-25)

**As 'n mens sterf, sal hy weer lewe?**

Toe het Job weer gepraat:
Dink julle net julle het raad? (Job 12:1-2)

Vra eerder die diere om julle te leer,
die voëls om te vertel van die Heer.
Hulle weet God het alles gemaak,
dié wysheid kom soos jy ouer raak. (Job 12:7-12)

By God is wysheid en krag,
by Hom is raad, insig en mag. (Job 12:13)

Wat Hy afbreek nou,
kan niemand weer bou.
Is vang sy daad,
kan niemand vrylaat. (Job 12:14)

As Hy die water terughou,
verdroog alles sommer gou,
as Hy dit laat losbreek,
word sonde gewreek. (Job 12:15)

Hy maak van regeerders gekke
en vat konings deur slawehekke.
Hy laat die betroubares stilbly
en laat die sterkes nie mag kry. (Job 12: 16-21)

Hy maak donker plekke lig.
Hy maak nasies groot deur sy hand
wat Hy dan weer vernietig,
en ontneem leiers hulle verstand. (Job 12:13-25)

Hou op om vir my leuens te vertel -
Ek wil eerder my saak vir God stel.
Julle beroep op die voorgeslag is wind
ware antwoorde is net by God te vind. (Job 13:1-12)

Julle moet ophou om my te vertel,
Ek wil liewer my saak aan God stel. (Job 13:13-19)

Ek wil nie wegkruip nie, eerder versoen,
U, my God, moet twee dinge vir my doen:
Neem U straf van my af weg,
moenie dat ek skrik vir U reg. (Job 13:20-21)

Hoeveel misdade het ek begaan?
Laat ek my oortredings verstaan.
Kom u agter ‘n verwaaide blaar aan?
Ek is besig om te verrot en vergaan… (Job 13:20-28)

Die mens se lewe is kort en beperk:
‘n Blom wat skaars oopgaan,
‘n skaduwee wat verbygaan,
‘n huurling met ‘n paar dae se werk. (Job 14:1-6)

U moet my liewer in die doderyk hou
en na U vasgestelde tyd weer onthou:
As ‘n mens sterf, sal hy weer lewe?
dan sal my moed my nie meer begewe! (Job 14:13-14)

Dan sou U roep en ek my antwoord deel.
Dan sou U, U maaksel weer wou sien
en nie die straf gee wat ek verdien,
maar al my sonde in ‘n sak verseël! (Job 14:15-17)

My liewe vriend en verwaaide blaar,
wat so worstel in hierdie lewensjaar.
As jy moed jou weer wil begewe:
Onthou: As jy sterf gaan jy ewig lewe!

**Gee iemand vir my om?**

Job:
Luister na my en gee vir my om
Kyk na my en staan verstom.
Waarom mag ek nie my ongeduld betoon -
Ek kla by God sonder om Hom te verloon? (Job 21:1-5)

Die goddeloses se lewensbestaan:
Waarom word hulle ryk en vernaam?
Vrede, voorspoed en vrugbaarheid -
om God te dien is sinloosheid. (Job 21:6-15)

Van hulle bly ek eerder op ‘n afstand,
want hulle voorspoed is nie in hul hand.
Sal enige van ons kan raai
wanneer God hulle soos stoppels weg gaan waai? (Job 21:16-21)

Sou iemand vir God iets kon leer,
vir Hom wat selfs die sterkstes regeer?
Die een mens sterf in sy volle krag,
die ander het in swaarkry daarop gewag. (Job 21:22-25)

Job:
Hoe kan julle my met sinlose praatjies troos?
Julle slim argumente maak my net broos... (Job 21:27-34)
Elifas:
Daar is ‘n rede vir jou wonde:
daar is geen einde aan al jou sondes (Job 22:1-5)

Jy het selfs jou eie familie se goed gevat.
Jy het kos en water geweier vir dié oppad.
Jy het weduwees met leë hande weggestuur,
daarom verswelg vloedwaters jou in dié uur. (Job 22:6-11)

Hoog in die hemel is God ons Heer,
uit die donkerte is dit Hy wat regeer.
Daar bo is Hy met wolke omring,
so hier op aarde sien Hy nie ‘n ding. (Job 22:12-14)

Dis wat met die goddelose gebeur:
Hulle word deur ‘n stroom meegesleur.
Die regverdige kan sien en verstaan
dat die goddelose altyd ondergaan. (Job 22:15-20)

Onderwerp jou aan God en lewe goed,
dan kry jy vrede en voorspoed.

As jy goud as nikswerd beskou,
dan sal God sy beloftes onthou. (Job 22:21-30)

My kind, het jy ‘n vriend in nood
of selfs iemand naby aan die dood?
Moenie Elifas se voorspoedsgodsdiens preek,
dit sal jou vriend se hart net breek.

Al wat hy vra is dat jy sal luister
as hy in swaarkry vir jou fluister.
Hy vra dat jy hom sal sien
en besef dat hy dit nie verdien.

Sit dan eerder net langs sy bed
en word saam stil in gebed.
Wees dan saam gerus, My kind:
Die wolke om My maak my nie blind!

**Ek probeer verstaan**

As ek maar geweet het waar om God te vind
sou ek na sy woonplek toe gaan as kind
en my saak vir Hom vertel,
my pleidooie aan Hom stel. (Job 23:1-4)
As ek my onskuld by Hom afsmeek,
sal my Regter my mos vryspreek? (Job 23:5-7)

Maar ek is moedeloos –
Ek kry Hom nie oos.
Al soek ek op my beste,
Hy is ook nie in die weste.
Al soek ek met die noordewind,
ook daar kon ek Hom nie vind.
As Hy na die suide draai,
het ek weer verkeerd geraai. (Job 23:8-9)

Hy ken my pad: Soos goud gesuiwer.
Ek volg Hom sonder om te huiwer.
Ek heg meer waarde om sy Woorde te leer,
as al die ander dinge wat ek kan begeer. (Job 23:10-12)

Hy bly dieselfde, moet jy verstaan
Wie kan Hom dan nog teenstaan?
Wat ookal Hy oor my besluit,
dáárdie planne voer Hy uit. (Job 23:13-14)

Dis hoekom ek vreesbevange voor Hom staan,
terwyl ek in ontsag sy weë probeer verstaan.
God het my weerstand afgebreek,
maar in die donker het ek bly smeek. (Job 23:15-17)

Mense verksuif grenslyne,
maak ander se vee syne.
Die weeskind moet sy donkie gee,
hulle vat die bees van die weduwee.
Waarom reken God nie met húlle af?
Moet ek tevergeefs uitsien na hulle straf? (Job 24:1-4)

Armes soek kos in die dorre woestyn,
besig om met veevoer as kos weg te kwyn.
Hulle moet oorskiettrossies druiwe gaan haal.
Sonder klere in die koue slaap hulle kaal. (Job 24:5-7)

‘n Borsvoedende ma is deurnat van die reën.
Vir skuld verkoop iemand haar babaseun!

Olyfpers trek, parskuip trap, die lewe sleg,
maar God slaan nie ag op al dié onreg… (Job 24:5-12)

Die moordenaar staan op in die donker nag.
Die dief en egbreker verdra nie die dag. (Job 24:13-17)
Die graf maak 'n einde aan die sondaar.
Kos vir wurms word hy daar... (Job 24:18-21)

God onderwerp die sterkes deur sy mag:
As Hy optree, het hulle geen sekerheid van krag.
Elke ding wat hulle doen sien Hy.
Hulle word soos koringare afgesny. (Job 24:22-25)

Aan God die heerskappy en die vrees
Hoe kan ‘n mens regverdig voor God wees?
Uit sy hoë hemel gee Hy vrede.
Sy lof en majesteit die rede. (Job 25:1-6)

Liewe leser, as jy ook nie verstaan,
moet jy in jou donker na Hom toe gaan.
Maak sy lof en majesteit jou bede
en ontvang, selfs in swaarkry, Sy vrede.
Al lyk dit of alles jou wil begewe,
by Hom is daar ewige lewe!

**Luister na die fluister**

Bildad, het jou gepraat my nou gebaat?
Met wie se hulp het jy nou gepraat? (Job 26:1-4)
Al voel dit of God net fluister,
sal ek eerder na Hom luister:

Die hemel het God oor die leë ruimte gesprei.
Die aarde laat hang waar niks is nie – dit doen Hy!
Hy maak water in wolke bymekaar.
Hulle skeur nie oop nie al is hulle swaar… (Job 26:7-8)

Dis daar waar die Almagtige woon,
met die wolke bedek Hy sy troon.
Hy plaas die horsion op die see,
‘n grens tussen lig en donker bring Hy mee. (Job 26:9-10)

Deur sy krag bring hy die woeste see tot rus.
Deur sy insig verpletter hy vir Rahab, gewis.
Met die wind waai hy die lug skoon,
met Sy krag deurboor hy die seedemoon. (Job 26:11-13)

Dit alles is maar net die begin van sy daad
Ons hoor net ‘n gefluister van sy groot raad.
Die volle krag van sy dade wat bestaan –
Wie kan ooit die omvang daarvan verstaan? (Job 26:5-14)

So lank as wat God leef
en ek Sy asem in my kan hê,
sal ek daarna bly streef
om niks verkeerds te sê. (Job 27:1-4)

Watter hoop het die godlose as God sy lewe afsny?
Kan hy vreugde in die Allerhoogste kry?
Ek wil julle iets wys oor God se mag,
miskien sal dit die sinlose gepraat laat wag... (Job 27:5-12)

In ‘n myn word silwer en koper uitgehaal,
goud gesmelt om suiwerheid te bepaal.
Hy grawe ‘n skag waar niemand woon,
op soek na saffier en goud, so skoon. (Job 28:1-6)

Geen roofdier ken daardie pad.
In die rotsgange sien hy die skat.
Hy blok daaronder die wateraar,
maar kon hy daar wysheid gewaar? (Job 28:7-11)

Maar die wysheid, waar word dié gevind?
Nie in die land van die lewendes of hul kind...
Die diep waters sê: Dit is nie by my...
Met goud kan jy dit nie gekoop kry! (Job 28:12-19)'

Die wysheid waar kom dit vandaan?
Selfs die voëls in die lug kan dit nie verstaan.
Die dood sê: Ons hoor net van sy bestaan.
Net God weet en sien waar wysheid gaan (Job 28:20-24)

Ons is met God verenig – alle dank aan Hom -
Deur Christus, die wysheid wat van God af kom:
Dis vryspraak, heiliging en verlossing wat Hy bring,
daarom wil ons tot eer van God die Vader sing: (I Kor 1:30)

Hy het die skepping alleen uitgemeet.
By Hom is die wysheid wat jy moet weet.
Hy het gesê: Mens wat jy moet sien:
Wysheid is om die Here te dien. (Job 28:25-28)

Voel jou lewe donker en duister?
Voel dit jy het die pad nou byster?
Dan moet jy biddend lees en bly luister
na die Almagtige se dreundende fluister!

**Ek bid, maar God antwoord nie...**

My beste jare is verby,
toe was God nog by my.
Ek het oral voorspoed geniet,
dikmelk en olie is op my uitgegiet. (Job 29:1-6)

Daardie tyd het ek na die stadspoort gegaan
en jongmanne het in respek opsy gestaan.
Ou manne het eerbiedig opgestaan,
die vernames se stilte het eer beaam. (Job 29:7-10)

Ek het roepende armes gered,
weeskinders gehelp met ‘n bed,
bedreigdes bevry uit hul saak,
weduwees se harte bly gemaak. (Job 2911-13)

Vir die blinde was ek ‘n oog,
vir die arme soos ‘n voog,
voete vir die kreupele se seer,
onbekendes se regsaak hanteer. (Job 29:14-17)

Die wat honger en uitgeteer in gate bly,
spoeg my nou in die gesig en lag vir my. (Job 30:1-10)
God het my weerloos gemaak, afgemaai -
My aansien en hoop soos wind weggewaai. (Job 30:11-18)

Biddend roep ek na U,
maar U antwoord my nie.
U val my aan met U mag,
ruk my met die wind se krag. (Job 39:19-22)

Ek het soveel meegevoel betoon,
hoekom word ek nou só beloon?
Bewende fluitspel hier -
‘n treurlied op die lier. (Job 30:23-31)

Ek het my verbind om nie ’n meisie te begeer,
dis ‘n vuur wat al jou besittings verteer... (Job 31:1-12)
Ek het reg gedoen aan my werkers in hul taak,
want God het ons almal gevorm en gemaak.

Van my jeug af was ek die weeskind se pa,
hoekom het God dan die ramp gestuur, bly ek vra? (Job 31:13-23)
Ek het nie gedink goud sal my sekerheid gee,
ek het ook nie gedink rykdom bring vreugde mee.

Ek het my nie verheug oor my vyand se lot,
ek was verbind aan God se liefdesgebod. (Job 31:24-32)
Ek kan rekenskap gee van elke tree.
Nou moet die Almagtige my antwoorde gee... (Job 31:33-40)

Gaan dit met jou ook swaar
omstandighede onverklaar…
Bly soos Job biddend stoei,
want Jesus het vir joú gebloei.

God het later Sy almag aan Job betoon
en jy kry saam moet hom ewigheidsloon.
Deur Sy Woord is die einde in sig:
Hou jou oë op Hom daar gerig.

**Wil jy 'n saak teen die Almagtige maak?**

'n Storm het losgebreek
en God het daaruit gespreek (Job 38:1)
Wie is dat wat my raadsbesluit
sonder enige kennis probeer stuit? (Job 38:2, 1953)
Maak jou reg om te stry:
Ek sal vra, antwoord jy My. (Job 38:3)

Ek het die aarde se fondament gelê
Waar was jy toe? Kan jy sê?
Waarop is sy voetstukke neergesit?
Wie het hom aanmekaargesit?
Dié oggend was daar 'n gejubel van hemeling
en selfs die sterre het saamgesing (Job 38:4-7)

Wie het die see opgedam en afgesluit
toe dit uit die moederskoot uit begin spuit? (Job 38:8, 1953)
Wie kan die môre beveel om te kom?
Weet jy waar die daeraad vandaan kom? (Job 38:12)
Was jy al by die uitborrelende bron van die see
en rondgestap op die bodem van die diepsee? (Job 38:16, 1953)

Is die poorte van die dood
al vir jou ontbloot? (Job 38:17, 1953)
Kan jy die groot wye wêreld meet?
Praat as jy iets daarvan weet.
Kan jy die pad na lig se woonplek kry?
Weet jy waar die donkerte bly? (Job 38:18-19)

Weet jy waar word sneeu en hael gestoor -
wapentuig waarmee ek oorloë laat verloor?
Weet jy waar die lig begin,
of oor die oorsprong van wind besin? (Job 38:22-24)
Wie het vir die stortvloed 'n kanaal?
En 'n pad vir die onweerstraal? (Job 38:25, 1953)

Wie kan dit laat reën in die woestyn
om woestheid versadigend te laat verdwyn? (Job 38:25-26,1953)
Het die reën 'n vader?
Kan jy doudruppels laat vergader? (Job 38:28)
Kan jy die geboorte van ys verklaar?
En die ys van die hemel – wie kan dit baar? (Job 38:29,1953)

Kan jy die Sewester vasmaak?
Of die band van die Orion losmaak?
Kan jy die sterre op hulle tyd laat opkom,

kan jy die Beer met sy kleintjies laat uitkom?
Weet jy hoe die hemelliggame werk?
Kan jy hulle invloed op die aarde afmerk? (Job 38:31-33)

Kan jou stem roep: Kom reën hier!
Of die weerligstrale uitstuur?
Wie laat die Ibis waarsku teen die vloed?
Wie laat die haan die nuwe dag begroet?
Wie het die kennis om die wolke te beheer
en hierdie kruike van die hemel om te keer? (Job 38:34-37)

Met die leeu in sy skuilplek gereed,
kan jy vir hom prooi vang om te eet? (Job 39:1-2)
Wie gee die nodige kos vir die kraai
as sy kleintjies hulle oop bekkies na God toe draai?
Staan jy en kyk waar die wildsbokke kleintjies kry?
Tel jy die draagtyd en geboortepyne, so gou verby? (Job 39:1-7)

Wie maak die wildedonkie vry?
Ek gee hom oop veld om in te bly
Hy bekommer hom nie oor die stad
en hoef nie te luister na 'n drywerslat.
Hy deurkruis die berge om in te wei
en snuffel tot hy groen grassies kry. (Job 39:8-11)

Sal die buffel vir jou wil werk,
hom oornag by jou krip laat inperk?
Kan jy met hom ploegvore skeur,
met sy krag in jou lande voortbeur?
Sal hy jou kan help met die oes van jou graan,
totdat alles op jou dorsvloer staan? (Job 39:12-15)

Al kan die volstruis haar groot vlerke klap,
kan sy nie vlieg nie, en moet sy stap…
Sy broei haar eiers uit op die sand,
sy het min wysheid en en verstand.
Sy behandel haar kuikens hard en sleg,
maar tog hardloop sy perd en ruiter weg… (Job 39:16-21)

Gee jy vir die perd sy krag?
Gee jy vir hom sy maanhaar prag?
Hy kap die grond met sy pote en trippel rond,
opgewonde en oorgehaal kap-kap hy die grond.
In die oorlog is bangwees vir hom vergete,
hy reageer op die offisier se krygskrete. (Job 39:22-28)

Is dit deur jou insig dat 'n valk vlieg,

dat sy vlerke na die suide toe swieg?
Bepaal jy waar die aasvoël sy nes bou
Uit die hoogte sien hy sy kos gou:
Tussen die karkasse is hy tuis,
sy kuikens eet bloederige vleis. (Job 39:29-33)

Antwoord My as  jy 'n saak
teen die Almagtige wil maak!
Ek is nie opgewasse teen U Woord,
hoe sal ek U kan antwoord?
Ek het gepraat, maar kon 'n antwoord nie kry
ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly. (Job 39:34-38)

**Job oorsig**

God
Het jy my dienaar Job gesien? 1:8
Daar is niemand wat my só opreg dien.
Satan
U beskerm hom en maak hom ryk
Hy sal U vervloek as dit van hom wyk. 1:11
Job
Die Here het gegee en neem toe weer
Prys die naam van die enigste Heer! 1:21
Job se vrou
Al wat jy oor het is daardie potteskerf
Vroom? Vervloek God nou en sterf! 2:9
Job
As ons die goeie van God aanvaar
moet ons in die swaar tye bedaar… 4:10
Alles voel heeltemal verlore,
waarom is ek dan gebore? 4:20
Elifas
Job, as jy hieroor dink sal jy verstaan
niemand het onskuldig ten gronde gegaan 4:7
Job
Ek is tot niks in staat en weet nie meer raad
Jou medelye is 'n las, en nie 'n goeie daad! 4:13,14
Bildad
Kan riet groei sonder 'n moeras? 8:11
'n Mens sit nie verniet in sak en as!
Job
Ek is onskuldig, maar hoor julle gepreek
Iemand onpartydig moet die reg kom spreek! 9:33
Sofar
Job, Steek jou hande uit in gebed -
net God kan jou van jou sonde red! 11:13
Job
Net by God is wysheid en krag 12:13
Hy beheer als en besluit oor mag. 12:21
Ek voel die pyn, my liggam bewe.
As 'n mens sterf, sal hy weer lewe? 14:14
Elifas
Kan 'n verstandige man soveel onsin praat? 15:1
Wat verstaan jy van God se daad?
Job
God het van my 'n teiken gemaak 16:12
My vriende het my bespotters geraak. 16:20
Bildad
Hoe lank gaan jy nog so aanhou praat? 18:2
Die goddelose gaan brand vir hul daad! 18:5
Job
Ek weet dat my Losser leef 19:25
Mag Hy julle ook vergeef 19:29

Sofar
Ek moet by nou verdedig,
want jou teregwysing het my beledig!  20:2,3
Job
Julle slim argumente maak my boos  21:27
Julle sinlose praatjies kan nie troos  21:24
Elifas
Daar is geen einde aan jou sonde
Dís die rede vir al jou wonde!  22:5
Job
Wat God besluit het sal Hy doen  23:13,14
Ek soek na Hom om te versoen.  23:3
Bildad
Voor God is niemand reg:   25:4
'n Wurm die mensekind, so sleg 25:6
Job
Ek is nou heeltemal oorstelp:
Dink jy jou woorde het gehelp? 26:1
God het my deur alles laat sien:
Wysheid is om die Here te dien! 28:28
Elihu
God doen nooit 'n verkeerde daad  34:10
Deur siekte wil hy met mense praat.  33:19
Job, as jy weer in swaarkry wil kla
Dink oor God se wonderdade na  37:14
God
Wie het die aarde se fondamente gelê?
Wie het hom aanmekaargesit – kan jy sê?
Wie het vir die see perke gestel?
Vir die magtige golwe hul plek vertel?

Weet jy waar die dag sy lig gaan haal?
Wie het vir die stortreën sy koers bepaal?
Kan jy die dou en ys begryp?
Wie bring vir die wêreld ryp?

Kan jy die Sewester beperk?
Weet jy hoe die hemelligame werk?
Kan jy die wolke gaan haal
en praat deur die weerligstraal?

Wat weet jy van die leeu in die bos?
Wie gee vir die kraaie kos?
Kyk jy as die wildsbokke kleintjies kry?
Wie laat die wildedonkie vry?

Kan jy die buffel vir jou laat werk
Hoekom het die volstruis 'n vlerk?
Gee jy die perd sy krag en hom laat spring?
Wie laat die roofvoël kos vir sy kuikens bring?

Het jy ‘n saak teen my beplan?
Job, antwoord my dan!

<u>Job</u>
Voorheen het ek gepraat,
nou is stilbly die beste raad! 39:37,38

<u>God</u>
God spreek uit die stormwind uit:
Job, maak jou reg vir die stryd.
Wil jy My skuldig verklaar,
Sodat jy vrygespreek word daar?
Dink jy jy het My mag?
Wys my dan jou krag!

Ek het die seekoei gemaak.
Net Ek kan aan hom raak.
Kan jy 'n krokodil vang?
Probeer en jy word bang...

Wil jy aan Mý eise stel?
Ek wil nog van die krokodil vertel:

Wie kan sy bek oopmaak?
Wie kan aan sy tande raak?
Sy lyf is met skubbe getooi.
Niesend spat die vonke rooi.

Vlamme skiet uit sy bek.
Daar is groot krag in sy nek.
Jy word met angs oorval,
as jy hom sien op die wal.

'n Spies en assegaai kom nie deur sy rug.
Met die water se eerste rimpeling sal jy vlug.
Hy laat diep water kook en raas,
van al die diere is hy baas.

<u>Job</u>
Nou weet ek U is tot alles in staat.
Wat U doen is in U raad.
Ek het oor dinge gepraat,
maar ek het nie insig gehad.

Tot nou toe was mense se praat,
dit wat Ek geweet het van U raad.
Maar nou het ek U self gesien,
nou besef ek dat ek niks verdien.

Slot

Gaan dit met jou nog sleg?
Verstaan jy nie God se weg?
Jy leer wel in jou pyn:
God is soewerein.
Ja, Job wil jou leer:
God is en bly in beheer.